

17 April

Skrifgedeelte: Deuteronomium 33
Fokusgedeelte: Deut 33:29

Dit gaan goed, want God is daar

Ons ken ons hemelse Vader as die Vader wat tugtig soos enige vader, maar wat ook die trane afdroog. In Deut 33 sien ons Moses nie meer met die wet in die hand nie, maar hoor ons die stem van die Vader wat sê: My kind! Dit gaan goed met jou Israel! Die twaalf stamme word hier een vir een geseën. Vers 2 sê dat die Here kom van daar waar tienduisende hemelwesens woon. Hy kom uit die hemel, want Hy is God. Maar vers 3: “U, Here, het U volk lief...” Die hemelse God is die Vader met oë waarin die liefde blink. Hy is die koning (vs 5). Hy ry deur die hemel (vs 26) – ‘n menslike beeld wat sê: Hy kom nie padlangs nie. Hy word nie vertraag deur stopstrate en robotte en stadigvloeiende verkeer nie.

Nee, Hy kom direk (Ps 18:11, 104:3). Hy deurkruis die aarde om daar te wees waar jy roep en sy nabyheid nodig het. En Hy is vir jou ‘n skuilplek, letterlik ‘n huis (vs 27) en sy arms is altyd onder jou (OAV): Ewige arms. Sy arms word nie oud en moeg nie. Daarom gaan dit goed met jou (vs 29). Geen vyand hoe groot in getal ook al hou voor sy bevel stand nie (vs 27). Moses sien profeties hoe Israel in Kanaän intrek, veilig daar woon en eet en drink (vs 28). God se sorg is nie te klein in tye soos hierdie nie (vs 29) – al dink baie so. Hy sê vir jou, soos Jesus daar op die see vir die dissipels gesê het: Hou goeie moed – dit is Ek (Matt 14:27).

Sing: Psalm 90:1,8,9

Ds LD Aucamp (Cullinan)